2 Oktober 2020
NG Gemeente Stellastraat

BLITSNUUS

Die kerk se lewe in vlak 1 - *geskryf deur Anton Pienaar*

Al begin ons nou eerskomende Sondag weer met die meeste van ons eredienste, kan ons die teenwoordigheid van die covid-19-virus nie afmaak nie. Al het die land na vlak 1 van nasionale inperking geskuif , bly die risiko om die covid-19-virus op te doen, wesenlik nog daar. Ons moet steeds baie versigtig wees.

Stadig maar seker word alles weer soos dit was, maar ons kan nie anders as om by die voorgeskrewe regulasies te bly nie. Dra jou masker. Saniteer jou hande. Probeer die afstand tussen mense handhaaf. Ons volg die regulasies omdat die owerheid dit van ons verwag, en andersyds omdat ons mekaar en onsself moet beskerm.

Prakties gaan dit Sondag min of meer so werk: Daar gaan mense by al die deure van die kerk aan diens wees om jou temperatuur te neem. Na die diens gaan ons vra of 'n paar mense net met die lappe gou 'n bietjie skoonmaak voordat die volgende diens se mense aankom. Ons gaan sing met die maskers aan. Offergawes gaan steeds by die deure ingesamel word.

Die karwagte gaan weer op hulle pos wees. Die afgelope ses maande het ons aan hulle toelae betaal omdat hulle nie kon werk nie, maar nou gaan ons terug na die ou sisteem – behalwe vir die aanddienste.

Sondag 4 Oktober se geleenthede

Die **08:30 erediens** word deur Anton gelei uit Eksodus 3. Die tema is: "*Voor 'n brandende braambos.*" Heiley Borchardt word tydens die diens gedoop. Die **10:00 erediens** word deur James gelei en die tema is: *"Die lewe deur die bril van Josef."* Die skriflesing is Genesis 50:17-21. Robin Dorette Crowther word tydens die diens gedoop.

Ons het aanvanklik beplan om die terugkom-diens in die buitelug te hou maar nou lyk dit of die logistieke teen ons is. So ons kom vir die **aanddiens (18:00)** ook in die kerk bymekaar. Jattie en die Lofprysingspan is opgewonde om ons met sang en musiek te begelei. Tienie preek oor *"God is liefde – wat sê dit vir jou?"* Hierdie tema is aan die hand van Joh 15:9-17.

Daarna gaan die jongmense met hulle roomyse na die jeuggroepe toe en die jong volwassenes gaan in die Binnehof saamkuier.

Heiley Borchardt

Robin Dorette Crowther

Die **Kleuterkerk** is weer voluit aan die gang tydens die **10:00** diens. Ouers met voorskoolse kleuters is welkom om hulle kleinspan vanaf 09:45 weer na die Kleuterkerk lokale (in die biblioteek) te bring. Die groepleiers is gerat om tydens die diens die jongspan besig te hou met Bybelverhale en handaktiwiteite. Daar is vir hierdie week nog 'n Kleuterkerk video. Gebruik gerus hierdie skakel om daarna te kyk: **https://youtu.be/gPaLpbUrSpM**

Die **Tuis-Adoramus** is ook deur Tienie voorberei en die tema is: *"Al sou die wingerde geen druiwe dra nie."* Die skriflesing is Jesaja 5:1-7. Jy kan die diens meedoen deur by die volgende elektroniese adres in te skakel:- **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-4-Oktober.pdf** Die Adoramusdienste in die kapel sal op 8 November weer hervat.

Stellastraat **Faith Community**, wat ook ses maande gelede moes ophou, begin ook Sondag **15:00** weer met hulle weeklikse eredienste in die kerkgebou.

Sondagaand **19:00** se **Soekligbyeenkoms** (steeds op zoom!) word deur Fay gelei by die volgende skakel **https://us02web.zoom.us/j/84881989706** *"Woorde is selde genoeg... en daarom is daar kuns."* Waar woorde tekort skiet help kuns ons om aan ons ervarings van die lewe uiting te gee. In hierdie sessie kyk ons saam na kuns as reaksie en kommentaar op die wêreld. Ons bekyk ook stukke kuns wat uit kunstenaars se ervarings van die Covid 19-pandemie gebore is.

Van Maandag af bespreek jy so...

Stellastraat het nou 'n nuwe manier om vir die eredienste te bespreek. Kliek gerus op die skakel om deur die registrasie proses te gaan: - **https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6**
Skakel gerus die kerkkantoor as jy sukkel hiermee.

Dankfees 18 Oktober

Dat ons oor geld moet praat is ongelukkig noodsaaklik. Eerstens opnuut dankie aan almal wat die afgelope ses maande gehelp het om Stellastraat finansieël kop bo water te laat bly. Dit is absoluut wonderlik om te besef dat lidmate van Stellastraat omgee en moeite doen om die gemeente te laat leef, veral met die oog op die toekoms!

Op Sondag 18 Oktober is die gemeente se geldsake aan die orde. Jaarliks is dit die dag waarop ons 'n spesiale bydrae vir die kerk maak. Ons dankfees. Vanjaar kan ons nie die dankbriefkoeverte pos nie. Die koeverte sal van eerskomende Sondag af by die ingange van die kerkgebou beskikbaar wees. Of jy kan een by die Kerkkantoor kom haal.

Ons het dit goed gedink dat buiten die dankfeesbydraes wat in die koeverte geplaas word, ons ook briefies daarin kan plaas. 'n Kort briefie waarin ons kan vertel oor ons eie dankbaarheid. Ons gaan op die betrokke Sondag, 18 Oktober, geleentheid gee dat elkeen wat wil, sy koevert voor in die kerk kan kom neersit. 'n Fisiese gebaar van dankbaarheid.



Huisgeloofvrae en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Gesels as gesinne oor:

- "Om saam kerk toe te gaan, is soos om saam gholf te speel. Wat is die ooreenkoms tussen gholf speel en kerk toe gaan?"

Jeuggroepe
Na 6 maande van inperking kan die jeuggroepe nou weer by die kerk bymekaar kom. Die **Junior jeuggroepe** (laerskool jongmense) kom direk na die 10:00 diens bymekaar terwyl die **Senior jeuggroepe** na die aanddiens (18:00) bymekaar kom. Ons gaan nogsteeds die Covid-protokolle nakom en elke groepleier sal toesien dat die jongmense veilige afstand handhaaf, maskers dra en hande saniteer. Hierdie Sondag verruil ons die koekies en tee en die aand se *"Drive Thru"* met roomyse. Elke jongmens gaan 'n roomys kry. Soos in die verlede gaan ons weer die temas van die 10:00 diens en die aanddiens as temas vir die jeuggroepe gebruik. Hierdie Sondag gaan die jongmense gesels oor ***"Wat het jy die meeste van die kerk gemis toe jy nie kon kerk toe kom nie?"***. Hier is die lys van lokale wat ons Sondag gaan gebruik: **Juniors:** Gr 1-3 = Lushof; Gr 4 = Konsistorie; Gr 5 = Kapel; Gr 6 = Personeelkamer en Gr 7 = kom op Maandae 14:00 in die Lushof bymekaar. **Seniors:** Gr 8 = Personeelkamer; Gr 9 = Lushof; Gr 10 = Biblioteek en die Verbintenisgroep = Konsistorie om 17:00.

Uitreik

Wil jy graag met etes help?
PEN het Stellastraat genader om te help met 'n weeklikse kosbeurt by 'n '*shelter*'. Ons gaan as gemeente vir Woensdagaande se etes verantwoordelikheid neem. Persone of gesinne wat graag wil help en vir 'n Woensdag of 'n deel van Woensdag se etes verantwoordelikheid wil neem, kan direk vir Fay (083 478 0854) skakel.

Blikkieskos
Die uitreikbediening vra dat gemeentelede wat blikkieskos wil skenk, dit asseblief by die kerkkantoor sal aflaai.

Ons dink aan...

Ongesteld

Louwrens Punt van Kings Highway, Lynnwood het 'n operasie ondergaan en herstel tans tuis.
Neels Campher van Umgenistraat 382, Erasmuskloof herstel ook by die huis.
Pieter, Albé en Martin Basson se pa was in 'n fratsongeluk toe hy die drein by sy huis probeer skoonmaak het. Hy het baie ernstige brandwonde opgedoen.

Meegevoel

Elda van Vuuren, vroeër van Sunrisestraat, Hazelwood is oorlede en 'n gedenkdiens word Dindag 6 Oktober 11:00 in ons kerkgebou gehou.

Verjaarsdae 4 - 10 Oktober

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 4 Oktober:
Ewan Cornelius, Neels Dannhauser, Frikkie de Lange, Lara du Pisanie, Wessel Kleinhans, Marné Kruger, Colette Marais, Hannes Reyneke, Chrisjan Schultz, Tommie van Deemter, Jean-Maré van den Berg.

Maandag 5 Oktober:
Caren Biddulph, Pieter Grobler, Simoné Lubbe, Frik Munnik, Greg Olivier, Ruger Schultz, Daniël van den Berg.

Dinsdag 6 Oktober:
Pieter Blomerus, Marlene Kruger, Heinrich Niemöller, Marco Walkenshaw.

Woensdag 7 Oktober:
Henko Brits, Etienne de Villiers, Annali Grové, Danika Lourens, Carla Marais, Louis Schoeman, Blake Smith, Adriaan Visser, Albert von Berg, Brigitte von Lengeling, Annelize Vorster.

Donderdag 8 Oktober:
Willem Bekker, Carol Broberg, Sophia Bührmann, Bennie Coetzee, Helen Crouse, Martélle Loubser, Gustav Snyman, Koos van Deventer.

Vrydag 9 Oktober:
Jeannie Botha, Tian Claassens, Elana Deysel, Fanus Dorfling, Suzani Jacobs, Adele Schlebusch, Priscilla Schutte.

Saterdag 10 Oktober:
Esther de Jager, Linda du Plessis, Magdaleen du Plooy, Susan Esterhuyse, Pieter Olivier, Robert Oltman, Ruan van der Linde, Ria Vorster.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za